

Leesstukkies:

Kom, laat ons aanbid en neerbuk; laat ons kniel voor die HERE wat ons gemaak het. Want Hy is onse God, en ons is die volk van sy weide en die skape van sy hand.
(Psalm 95:6-7 AFR1953)

Sing vooraf: Skrifberyming 2-7:1, 3 (37:1, 3)

- 1 Toe sien ek soos 'n see van glas, / deurstraal met geel-rooi vlamme.
En die oorwinnaars van die dier – / hul wat nie voor sy mag wou swig –
het langs die see van glas gestaan, / en daar was sitters in hul hand.
Hul het gesing soos Israel / gesing het aan die Skelfseestrand.
- 3 Wie sal, o Regter, U nie vrees, / u Naam nie in die reine sfeer,
na so 'n storm en oordeelwerk, / met sange van oorwinning eer?
U's heilig, Heer: die nasies kom / om U die hoogste eer te gee;
want nou het u regverdigheid / grootglansend aan die dag getree."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:14 (p. 75)

- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o HEER!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet sing ons van God se belofte dat Hy oorwinnaars oor die sonde vir ewig sal
voed in sy Paradys met Skrifberyming 15-2:3 (38:3).*

Wet

Skrifberyming 15-2:3 (38:3)

- 3 O, luister na My as Ek roep – / dit is die roepstem van die Gees.
Al wie 'n oor het, laat hom hoor / dat jy my bruidskerk weer kan wees.
Aan die oorwinnaar in die stryd / gee Ek die lewensvolle spys,
die altyd-nuwe vrugte van / die keurboom in Gods paradys.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 33:2, 11 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verbly;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Skriflesing: Filippense 3

Teks: Filippense 3:12-16

Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees; en as julle anders gesind is, sal God dit ook aan julle openbaar. Maar wat ons reeds bereik het—laat ons volgens dieselfde reël wandel, laat ons eensgesind wees. (Filippense 3:12-16 AFR1953)

Is iemand wat glo sonder meer geloofsvolwasse?

In hierdie gedeelte gebruik God die Heilige Gees die dinge wat die apostel Paulus oorgekom het om vir 'n soldategemeenskap die pad te wys.

- Die gemeente daar in Filippi was afgetrede soldate wat uit baie kulture en bevolkingsgroepe saamgestel was.
- Wat die probleem in die gemeente aansienlik bemoeilik het, was die Judaïste wat met allerhande vreemde soorte prediking verdraaiings en verwarring geskep het.

Die apostel Paulus verduidelik dan aan die gelowiges daar – met dinge wat in sy eie lewe gebeur het – hoe 'n mens by die Here uitkom, en wat jy dan moet doen as jy 'n ware gelowige is!

Is hierdie gedeelte in die Bybel regtig belangrik?

- Natuurlik, want ons is so sondig van aard dat ons voortdurend daaraan herinner moet word dat *bekering* nie net beteken dat jy nou kan sê dat jy die evangelie van verlossing deur die Here Jesus ten volle aangeneem het nie!
- Dis maar net die beginpunt, want daarmee was ons nie dadelik volmaak en heilig nie.
- Saam met bekering volg heiligwording. Heiligwording is 'n voortgaande proses wat ons hele lewe lank aan die gang is. Dit verg letterlik al ons energie totdat ons die dag uit hierdie lewe uitgaan in die direkte teenwoordigheid van God in.

Van vers 1 tot vers 3 werk die apostel Paulus met die Judaïse teologie.

- Daardie mense het vas geglo dat hulle met hulle werke vir hulle 'n hele voorraad heiligheid opbou.
- Hulle het geglo dat die Here eintlik nie veel van 'n keuse het nie – Hy moet hulle beloon met die ewige saligheid as gevolg van alles wat hulle met hulle werke bereik.
- *Hy sê in hierdie brief dat dit nie is hoe die saak werk nie – werkheiligheid slaag nie!*

Daarna (vers 4-11) gee hy sy persoonlike agtergrond.

- Hy het 'n lywige getuigskrif as Fariseër en wat nog als wat hom nogal taamlik hoër plaas as die manne wat almal op werkheiligheid roem!
- Daarna vertel hy dat hy dit alles prysgegee het. Hy het daarvan afstand gedoen vir iets anders!
- Hy het sy regverdigmaking en regverdigheid in die Here Jesus Christus gekry.

Daar is teoloë wat na hierdie verklaring van Paulus verwys as die wins-en-verlies-rekening van sy lewe.

- Dalk is dit waar, want hy verklaar dat hy al sy menslike winste uit sy verlede verloor en prysgegee het.
- Maar hy het 'n baie groot winsrekening om te vertoon: Hy is ingelyf in die regverdigheid, liefde en verlossing van die Here Jesus Christus.
- Sy verlies is dus sy wins!

Met dié gegewens in gedagte lei die Heilige Gees die apostel Paulus sodat hy die gemeente in Filippi aanmoedig om te groei in *heiligwording*.

Paulus verwys na homself.

- Al het hy alles prysgegee en in die Here Jesus reg van voor af begin, is hy nog ver van die volmaakte af.
- Hy is nog nie by die opstanding uit die dood nie.

Dit vra baie insig van enige mens om te beseft waartoe jy in staat is en waartoe jy nie in staat is nie – met ander woorde, presies waar jou eie geestelike vermoëns lê.

Daarom skryf hy vir hulle:

Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. (Filippense 3:12 AFR1953)

Paulus beseft baie goed dat hy nog nie die volmaaktheid bereik het nie.

- Maar hy jaag dit na en hy agtervolg dit om te sien of hy dit kan inhaal en sy hande daarop kan lê.
- Hy wil hierdie volmaaktheid gryp en besit soos wat die Here Jesus hom gegryp het en sy eiendom gemaak het.

Tot hier lees ons gemaklik wat in die Bybel staan. Maar dit word 'n effense probleem as ons ons eie name daarin skuif.

- Is ons oordeel van ons geestes- en geloofsvermoëns werklik op standaard?
- Is dit nie so dat ons dikwels meer van onself dink as wat ons behoort te dink nie?

Is dit nie dalk ook so dat ons soms te trots is op ons geloof en geloofsake nie?

- Miskien dink ons soms dat dit goed gaan met ons geloof (met ons eie maatstaf gemeet) terwyl dit sleg gaan – en dat ons werklik die genade van die Here Jesus nodig het en ons daarna moet uitstrek.

Let op na die volgende dinge wat almal hierdie teksvers en ons raak:

- *Paulus sê nie dat die versoeningswerk deur die Here Jesus onvoldoende is nie.*
- Dit is voldoende en dit is volmaak – daarom is daar geen veroordeling vir almal wat deur die Here Jesus Christus verlos is nie. Ons vervloeking is weggeneem.

Die Bybel behandel met ons in hierdie gedeelte die heiligwording.

- Dit beteken: hoe raak ek ontslae van die smet en die ellendes van sondes in my lewe.
- Ons is net so onvolmaak en besmet soos Paulus. Hy weet hy is onvolmaak.
- Hy weet ook dat sy volmaakte verheerliking gaan gebeur wanneer hy opgewek word uit die dood. Hy stippel dit uit in vers 21:

. . . wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp. (Filippense 3:21 AFR1953)

Dit bring ons by 'n volgende belangrike punt wat Paulus in hierdie teksvers beklemtoon: hy weet hy is onvolmaak!

Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp . . . (Filippense 3:12 AFR1953)

Hy het dit nog nie bereik nie – hy is dus nog onvolmaak.

- Maar hy streef daarna!
- Hy sit al sy energie daarin: **ek jaag daarna!**

Ons sou wou glo dat Paulus 'n geestelike reus was. Ons sou dink dat hy tevrede sou wees met die standaard van sy geloof!

- Paulus het geweet dat hy deur die Here Jesus geregverdig is.
- Hy het ook geweet dat hy 'n uitverkorene is.
- *Maar hy het ook geweet dat heiligwording 'n proses is wat 'n mens se hele lewe lank duur.*

Nie dat ek dit al verkry het . . . nie sê Paulus.

Wat is die **dit** wat hy nog nie verkry het nie?

- Dalk bedoel hy daarmee die volle heerlijkheid in die Here Jesus Christus. Trouens, hy sê daarmee saam dat hy nog nie volmaak is nie.
- Hy kan ook verwys na die grootheid daarvan om die Here Jesus te ken (vers 10).
- Hy kan selfs daarna verwys dat dit die krag is waarmee die Here Jesus ons uit die dood laat opstaan as ons ter wille van Hom tot die dood toe gely het!

Die woord wat hy hier vir **volmaak** gebruik as hy skryf: **Laat ons almal dan wat volmaak is . . .**, is dieselfde woord wat die Here Jesus aan die kruis gebruik het toe Hy gesê het: **Dit is volbring!**

- Die woord beteken iets van al die volgende dinge: *vervul, bereik*.
- Die woord kan ook *wasdom* en *ten volle toegerus* beteken.

Daar is dus 'n doel wat ons moet bereik.

- Hierdie doel is 'n bepaalde standaard van vervulling of groei na wasdom toe.
- Ons moet kom waar die Here Jesus ons met sy versoening heen verander het.
- Die inhoud van hierdie uitspraak van Paulus in sy geheel openbaar dat ons geloof van ons geweldige deursettingsvermoë vra.
- Dit eis geestelike stamina.

Daarom gebruik hy nou 'n woord uit die arena tydens die Olimpiese Spele: maar ek **jaag** daarna.

- Hy is in 'n strydwa in die arena en hy agtervolg die ander jaers.
- Hy beskryf hoe hy met die Here vorentoe gaan deur elke dag van sy lewe – hy jaag die volmaaktheid na.
- As hy nie al sy konsentrasie insit nie, gaan hy nie die resies voltooi nie en ook nie in die strydwa bly nie – hy gaan dan nie eers oorleef nie.

Paulus span letterlik elke senuwee en elke spier om hierdie doel te bereik

Ons Christene het die Here Jesus lief. Ons besef watter geweldige genade Hy ons gegee het.

- Daarom begeer ons om te luister na die dinge wat Hy van ons vra.
- Ons leer onder die leiding van God die Heilige Gees om sonde al hoe meer te haat.
- Ons hartsbegeerte is om die genade van verlossing en herskepping vir ons toe te eien en daarin te groei.

In al hierdie strewes is daar tog iets wat ons kan probeer beheer – dit is om *geestelik gesond te wees*.

- Net soos wat 'n mens fisies gesond moes wees om die resies in die Olimpiese arena te hardloop, moet ons geestelik gesond wees om die volmaaktheid in die Here Jesus Christus na te jaag.
- Dit beteken maar net dat ons al die middele wat die Here binne ons bereik gestel het, moet gryp en ons eie maak.
- Dis dinge soos al ons verpligtinge rondom die dag van die Here, *gebede, sakramente, persoonlike Skriflesing en Bybelstudie*.

Ons het 'n ernstige roeping om in die geloof en in God se genade te volhard.

- Al weet ons dat ons in die almagtige genade van God bewaar word, moet ons volhard.
- Al weet ons dat ons in die almagtige genade van God bewaar word, vra die Here nogtans van ons verantwoordelikheid.

Lees u hoe skerp Paulus fokus op die doel waarnatoe die Here Jesus met hom op pad is.

... jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus. (Filippense 3:13-14 AFR1953)

Hy fokus dus op wat voorlê – op die toekoms in die ewigheid by die Here Jesus Christus. Hy is berekend en vasberade om hierdie aardse wedloop vir die Here Jesus te voltooi.

Hoe kan ons tog hierdie ideaal bereik? Paulus sê hy jaag want hy wil die prys verkry?

- Hoe kan dit, ons is tog baie wat in hierdie arena jaag – en net een kan die prys kry!
- Wat van al die ander? Gaan hulle dan prysloos verlore?

Dis juis die punt! Die Here Jesus het klaar vir ons almal hierdie prys behaal!

- Ons moet net dit najaag - ons moet net gryp wat Hy reeds verwerp het.
- As Hy dit nie reeds gegryp het nie, sou ons nooit daarby kon uitkom nie.
- Daarom is nie een van ons wat die prys en die hoë roeping najaag, verloorders nie!

Die feit is ook dat God ons gegryp het met die belofte van versoening en die ewige lewe deur die Here Jesus Christus.

- God self gee aan ons die wil om vorentoe te strewen onder die leiding en aanwringing van sy Heilige Gees.
- Eendag sal ons volmaak wees soos die Here Jesus.

Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

(Filippense 3:20-21 AFR1953)

Daardie dag sal ons die Here van aangesig tot aangesig sien!

Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. (1 Korintiërs 13:12 AFR1953)

- Ons kan en mag dus nie vassteek in die geloof nie.
- Ons lewe mag ook nie stagneer nie.
- Ons moet dag vir dag vorder op hierdie pad van heiligwording!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 103:3 (p. 504)

- 3 Loof Hom wat met die goeie jou versadig, / jou lewenskrag van nuuts af begenadig,
sodat jou jeug is soos die arendsjeug. / Die HEER doen reg – Hy is die hoogste rigter –,
vergeld die kwaad en straf die onregstiger, / maar aan verdruktes skenk Hy ruimte en vreug.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 16 Augustus 2009

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 09 November 2014